

Sing vooraf staande: Skrifberyming 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1, 3 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaer! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Gebed

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Skriflesing: Romeine 6

Teks: Romeine 6:4; Heidelbergse Kategismus Sondag 26

**Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net
soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader,
ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. (Romeine 6:4 AFR53)**

Ons kan in 'n nuwe lewe lewe. Anders gesê: Ons kan 'n nuwe en ewige lewe lei. Dit klink
ongelooflik, want ons is dan almal so vasgevang in die sonde.

- Tog staan hier dat God ons uit die dood opgewek het, sodat ons in 'n nuwe lewenstyl
kan lewe.
- 'n Lewe waarin ons op die sonde trap omdat ons oorwinnaars oor die sonde is. Die
bewys daarvan lê al in ons doop.

In die preek kyk ons na die volgende sake:

- 1. Hoe lees die gemeente van Rome die brief?**
- 2. Hoe lees ons die brief?**
- 3. Die intieme verhouding**

1. Hoe lees die gemeente van Rome die brief?

Die mense wat die brief lees se geloofsintegriteit word getoets.

- Verstaan hulle waaroor genade gaan?

- Verstaan hulle wat dit beteken om in Christus te lewe?

Daarom die vraag: Sal ons in die sonde bly lê sodat die genade meer kan word?

- Is dit waar dat die genade van die Here meer word (groter is) as jou sonde wat jy teen die Here bedryf het, al hoe meer en growwer word?
- Kan mens die wet van die Here op hierdie manier misbruik?

Die antwoord daarop is baie sterk negatief:

- Natuurlik nie, want daar kan nie 'n growwer miskenning van die genade van God wees nie.
- Geen mens wat werklik besef wat die Here vir Hom skenk deur die dood van Jesus Christus, sal die genade van God so probeer misbruik nie.
- Daarom wys die Bybel self so 'n goddelose gevolgtrekking af.

Wat is dan die geval? 'n Ware gelowige weet wat genade is – die feit dat dit onverdiend is en dat dit onmeetbaar is.

- Hy besef dat dit ook nie misbruik mag word nie.
- Hy besef dat mens daarin en daaruit moet lewe.
- Daarom probeer die ware gelowige sy lewenstyl aanpas by die genade wat hy van God af kry.

Iemand wat in sonde volhard, leef nie uit God se genade nie, maar wel uit die heerskappy van die sonde.

- *Hy is nog heeltemal vasgevang in die krag en geweld van die sonde.*
- *So 'n persoon stel homself in die magsgebied van die duiwel.*

U moet oplet dat die Here vers 3 met 'n vraag begin: *Of weet julle nie?*

- Daarmee sê die Here dat ons wat tot bekering gekom het, of in die geloof grootgeword het, dit mos baie goed weet.

'n Ware gelowige dra juis 'n heeltemal ander kenmerk aan hom.

- Dit is dat hy in verzet is teen die sonde.
- Die ware gelowige sterf die sonde af.

Hierby is twee dinge van belang:

- Die eerste is dat jy onbruikbaar is vir die sonde – die sonde verloor sy vermoë om jou in besit te neem en vir sy doel aan te wend.
- Die tweede ding is dat die Here hier 'n woord gebruik wat sê dat die breekslag tussen jou en die sonde momenteel was.
 - Met ander woorde: iewers in jou geskiedenis was daar een oomblik toe jy doodgegaan het en die band tussen jou en die sonde solied afgebreek is.
 - Daardie gebeurtenis is finaal en afgehandel.
 - Op daardie oomblik het jy gesterf vir die sonde.

Die vraag kom vanself by 'n mens op: Wanneer was die oomblik toe ek vir die sonde gesterf het? Ons weet normaalweg nie van so 'n keer wat ons doodgegaan het nie, want ons leef dan. Of bedoel die Here dit dalk geestelik?

- Die Bybel verwys hier na Jesus se dood en begrafnis.
- Jesus se dood was so plaasvervangend dat die Here in ons aardse lewe al die dood van Jesus reken as ons eie dood wat ons gesterf het.

Dit is waarom Paulus in vers 4 skryf dat ons saam met Jesus deur die doop in die dood begrawe is. Die Here trek dus self die lyn van ons verlossing na die doop toe.

- As ons ons kinders laat doop, dan sê ons altyd dat dit die Here se verbond is wat nog steeds op ons kinders voortgaan, en wat op hierdie manier sigbaar aan ons kinders bevestig word.
- Hier stel die Here die saak van 'n heeltetal ander kant af: Die oomblik toe Jesus gesterf het, het ons ook gesterf.
- Ons doop is die bewys daarvan – ons het saam met Christus gesterf, daarom word ons gedoop in sy dood.
- Ons doop vat ons dus reguit in Jesus se graf in.

2. Hoe lees ons die brief?

As ons nou na Jesus se graf toe gaan, dan is die graf leeg. Daar is niemand in die graf nie: Jesus is nie daar nie, en ons is ook nie daar nie. Jesus het opgestaan, en Hy het ons saam met Hom laat opstaan.

- Die Bybel leer ons dadelik wat die vrugte daarvan is dat ons saam met Jesus opgestaan het.
- Vers 7 leer dat hy wat gesterf het, geregverdig is van die sonde.
- Vers 10 sê ook dat Jesus se dood 'n afsterwe van die sonde was, en dat sy opstanding was om te lewe vir God.
- Die betekenis van my doop is dus dat ek deel het aan die opstanding van Jesus, want ons is saam met Hom uit die graf uit.

Dit bring ons by die feit dat ons ook deel het aan wat in vers 10 staan. Daar staan:

Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. (Romeine 6:10 AFR83)

As ons dit lees saam met vers 4 dan kom ons by die volgende uit:

- Jesus is opgewek deur die heerlijkheid van God.
- God het dus 'n magsdaad verrig toe Hy Jesus uit die dood opgewek het, want daarmee het Hy bewys dat Hy oor die grootste mag in die hemel en ook oor die magte van die hel beskik.
- Hy kan in sy heerlijkheid as God deur niks gekeer word nie.

Maar nou moet u onthou dat u saam met Jesus opgestaan het. God se magsdaad is ook van u waar. Dit beteken vir u twee dinge:

- Eerste, die geweldige genade dat ek nooit eers hoef te twyfel wat van my gaan word as ek die dag sterf nie, want God het reeds in my doop dit duidelik gemaak dat ek deel het in die opstanding in Christus.
 - Met ander woorde – reguit gesê: Ek gaan hemel toe omdat Jesus my vir die koninkryk van God uit die dood opgewek het.
- Maar in die tweede plek het ons nou die verantwoordelikheid om soos mense wat uit die dood opgewek is, hierdie nuwe lewe te leef.

Hoeveel keer sê ons nie dat daar sekere dinge is wat ons nie kan doen nie:

- Ek kan nie ophou drink nie.
- Ek sit in 'n bepaalde sonde vasgevang waaruit ek net nie kan kom nie.
- Ek weet dit wat ek moet doen, strook nie heeltetal met my beginsels nie, maar ek sal net hierdie verkeerde ding moet doen, want dit word ter wille van my werk van my verwag.

Weet u wat is die waarheid? Daar is nie een teks in die Bybel wat u enige grond vir so 'n stelling gee nie. As jy so iets sê, dan praat jy nie die waarheid nie. Daardie deel van jou het gesterf.

- Jesus die Here het jou opgewek sodat jy met enige sonde kan breek, want jou “ou mens” (dis die een wat deur die sonde gemanipuleer kon word) is in die graf in saam met Jesus Christus.
- Die Here sê dat jy met die sonde kán breek, want Hy het jou reeds opgewek dat jy 'n “nuwe lewe” kan lei.

Jou nuwe deel het opgestaan.

- Dis die deel wat nie tot die beskikking van die sonde is nie.
- Jy kan dus nie nou daarop aanspraak maak dat jy nie in staat is om nuut vir Christus te lewe nie.

3. Die intieme verhouding

Daar is 'n baie intieme band tussen ons en Jesus Christus.

- Ons is saam dood.
- Ons is saam graf toe.
- Ons het saam opgestaan.
- Ons lewe 'n nuwe lewe vir God. Nou moet ons lewe in sy lewe.

Dit klink nou vreeslik moeilik – so asof mens nou elke dag net moet staan en kyk van watter kant af die sonde nou al weer op jou afgesluip kom. Maar presies dit is nie waar nie. Jou vertrekpunt is nie in die sonde nie, maar in Jesus Christus.

Kom ek sê dieselfde ding vir u van heeltemal 'n ander kant af: Hoe sterk is jou persoonlike omgang met Jesus Christus? Oefen jy jou geloof? Dis een ding om geloof te hê, maar dit is heeltemal 'n ander ding om dit te oefen, met ander woord om dit sterk te maak, en om dit uit te brei.

- Ons moet gereeld bid, en met groot erns bid wanneer daar spanning is.
- Maar ons moet ook met blydschap in ons gebede jubel oor al God se seëninge.

Dit is die deel wat waarskynlik by ons die meeste in gebreke bly, want ons bid baie keer net vir ons nood en wat ons alles nodig het. Ons sal dank vir goedheid en guns, maar is daar vreugde en jubeling in ons harte en in ons woorde die oomblik as ons dit sê?

Ons gemeente is so diep afhanklik van God.

- Ons lewe in 'n tyd waar daar baie slegte woelinge is rondom die gesag van die Bybel en die regte van die mens.
- God word in baie geselskappe openlik geloën deur mense. Ons is soms in sulke geselskap.

Broeders en susters, kom ons maak 'n saak daarvan dat ons hierdie nuwe lewe in Christus lewe.

- Ons doen dit in die eerste plek ter wille van die eer en die heiligheid van God self.
- Maar ons doen dit in die tweede plek ter wille van ons eie saligheid – en daarmee saam ter wille van die heiligheid van ons gemeente.

Dit is baie belangrik, want as die Here Jesus op die wolke verskyn, moet daar duidelik getuienis gegee kan word dat die gemeente van Clanwilliam nie 'n gemeente was wat in sonde voortgeploeter het nie, maar dat dit 'n gemeente van die Here Jesus was wat 'n nuwe lewe geleef het, en daarom as oorwinnaars oor die sonde in die koninkryk van God ingaan.

Kom ons lees Kategismus Sondag 26 saam.

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop "die bad van die wedergeboorte" en "die afwassing van die sondes" noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 71:1, 2 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote Ontfermer, / my Toevlug en Beskermer!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 30 November 2003

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 28 September 2014